TJOKKIE-brokkies!

Uitgawe: 5/1/2018 **Datum: 15 Februarie 2018**

Uit die kantoor:

Beheerliggaamverkiesing (herhaal)
Nominasievorms is reeds vanaf 12 Februarie by die kantoor beskikbaar en moet ingehandig word gedurende die week van 22 Februarie tot 6 Maart. Verkiesing vind plaas op Donderdag 8 Maart.

Valentynsdag:
Met Valentynsdag was Tjokkies se gronde baie mooi opgetower met pragtige wit, rooi en pienk kaartjies, hartjies en ballonne. Baie dankie aan elke ouer en leerder wat by hierdie dag op een of ander manier betrokke was om ons waarde van **"OMGEE"** te versterk en uit te leef. Die onnies is ook baie dankbaar vir hul bederfies van hul leerders.

Atletiek:
Baie geluk aan al ons atlete wat tydens die Fichardtpark Uitnodigingsbyeenkoms pragtig presteer het. Tjokkies is voorwaar trots op elke seun en dogter. Sien uitslae langsaan.
Sterkte aan al die atlete wat môre aan die Motheo-Xhariep byeenkoms gaan deelneem.

Swem:
Sterkte aan ons swemmers wat hierdie week aan die Suid-Vrystaat swemkampioenskappe gaan deelneem.

Parkering:
Ouers wat van die hoofhek gebruik maak om hul kinders na skool te kom oplaai, moet op die uitkyk wees vir nuwe aanwysings wat binnekort aangebring gaan word om verkeersvloei te vergemaklik.

BELANGRIKE DATUMS

15 Feb: O/13 krieketliga.
O/11 & O/13 Rugbytoerspan inligtingsvergadering in Ouditorium.

16 Feb: Motheo-Xhariep Atletiekbyeenkoms.
Gr 7 leerders besoek Atalia-huis as deel van hul uitreik projek.

17 Feb: Nautilus 1.
Deelnemers het reeds alle inligting ontvang.

19 Feb: O/9 krieketliga

20 Feb: SV Swemgala.
Betrokke leerders het skrywes ontvang.

21 Feb: SV Swemgala.
O/11 krieketliga.

22 Feb: Beheerliggaam-vergadering. Laaste van huidige BL.
O/13 Krieketliga

VERJAARSDAE

19 Feb: Juf Jomy Lombaard (Kleuterskool)

BOEKUITSTALLING

'n Boekuitstalling word beplan vir 1 & 2 Maart. Spaar solank 'n geldjie sodat jy jou leesstof weer kan aanvul.

UITSLAE:

Ateltiek:
Tjokkies se atletiekspan het tydens die Fichardtpark Uitnodigingsbyeenkoms soos volg presteer:

Dogters:
3 x 4de plekke
5 x 2de plekke
6 x 1ste plekke
Geluk aan Mienke Delport wat aangewys is as die beste dogter hekkiesatleet van die dag vir haar 200m hekkies dogters O/13 en Inge Pretorius as beste dogter veldatleet van die dag met haar nuwe rekord in die verspring dogters O/13.

Seuns:
2 x 3de plekke
3 x 2de plekke
1 x 1ste plek

VOORTREKKERS (herhaal)

Die Voortrekkers ontvang die volgende vorms:

Huidige lede: Voortsetting van lidmaatskap

Nuwe lede: Inskrywingsvorm L1

Indien jy Voortrekkers gedoen het en nie meer in 2018 wil deelneem aan die aktiwiteit nie, gee jou naam deur aan Juf. Lizette sodat jy van die lys verwyder kan word en nie aanspreeklik gehou kan word vir die ledegeld nie.
Die Aksie Krieketvorms van die Gr. 6 en 7 leerders moet asb. Vrydag 16 Februarie ingehandig word.

BUITEMUURS:

Weens ons beperkte spasie en `n druk buitemuurse program, sal die huidige buitemuurse rooster steeds geld vir ten minste nog die volgende week. Netbalafrigters wat reeds met die verskillende ouderdomsgroepe begin oefen het, volg tans ‘n rooster wat nie bots met die huidige buitemuurse rooster nie.

Rugby-afrigters kan egter nog nie begin met oefeninge nie aangesien die onderwysers en seuns nog besig is met krieket.

‘n Nuwe interimrooster sal vanaf Maandag 26 Februarie vir Netbal en Maandag 5 Maart vir Rugby in werking tree.

KAALVOETKAFEE (herhaal)

Kaalvoetkafee het vanaf Maandag heerlike kaas- en hoenderburgers te koop teen R20. Belangrik: slegs met bestelling - bestel asb vroegtydig.

OMGEE-MAMMAS (Herhaal)

Ons is ‘n groepie mammas wat op Donderdae-oggende om 7h30 bymekaarkom in die personeelkamer. Ons bid vir ons skool, personeel, kinders en verwante sake. Me Liezl Hiten, ons jeuwerker nooi alle mammas, ongeag u dinominasie, om hierby in te skakel. Dit duur slegs ‘n halfuur en indien u meer wil uitvind, skakel 071 890 5567.

SNUFFELS

BINGO-AAND
Ondersteun die FHP Lions Cheerleading op hul pad na SA’s

Datum: 9 Maart 2018 @ 18:00
Plek: Hoërskool Fichardtpark Skoolsaal
Koste: R150-00 per person (R1500-00 per tafel)
Gaskunstenaars: 3’s Company
Kaartjie sluit in een bingo-kaartjie en ‘n melktertjie
Sjerrie en Pizza word voorsien
Eie drinkgoed en glase (“Corkage Fee” van R200 / tafel)
Gelukstrekking deur loop van aand
Promosiemateriaal kan uitgestal word op tafels

Kontak Marlene by 0761518531 vir enige navrae/kaartjies